
# 354 O Lam van God onskuldig




Die straf moes ek gely het,
en voor die poort gebly het
in pyn en smart en vrees;
U wend op my u oë,
in pure mededoë,
want U wil my Verlosser wees.

Hier waar ek dankbaar nader,
o Voorspraak by die Vader,
prys ek u liefde groot!
U gee my nuwe lewe,
vir ewig, hemellewe,
en sterf daarvoor die wrede dood.

Sou ek U dan nie prys nie;
aan U my dank bewys nie
vir my kies U die kruis!
Aan U my lofgebede!
U skenk die ware vrede;
U bring my na die Vaderhuis.

Paul Gerhardt (1607-76) H. Isaac (1450-1517)